

Herald Sport

Hennie gee sy beste vir Mug

Jaarvergadering op 22 November

Die HBA Monthly Mug word maandeliks gespeel op 'n slagspel basis. Vir van die oningeligte lesers, hierdie spelmaat is die moeilikste in gholp, al jou hou tel en jy moet speel tot in die putjie. Konstantheid is hier die antwoord en kan jy nie bekostig om te glip op enige putjie nie. Hennie Pretorius het nie verlede Saterdag geglip nie en speel vier hou beter as sy voorgaande. Hy wen die Mug met 'n netto telling van 68.

Die klub beplan om hulle jaarlikse algemene jaarvergadering op Woensdag 21 November te hou. Lede wat bestuurslede wil benoem en besprekingspunte op die agenda wil plaas, moet dit voor of op 14 November aan Selena of by die klub ingee. Die vergadering sal om 18:00 begin.

Die jaarlikse prestige-dag word op 24 November aangebied. Adriaan Strauss en Brian Mitchell sal die aand se gasprekers wees. Lede van die publiek is ook meer as welkom om dit by te woon teen 'n koste van R100, wat 'n aandete insluit.

Die volledige uitslae van die Mug soos volg: 1- Hennie Pretorius, 2 - Niklaas van der Walt 71, 3 - Willie Pretorius 71 en Tommy Watson 73, vierde.

Daar is môre gewone spel en inskrywings is vanaf 11:30



Op die foto vl: Hennie Pretorius en Gerrie Muller

Om ver te ry, om ver te ry

Vir die meeste Vrystaters is die Alzbrandstofstasie, anderkant Middelburg in Mpumalanga, net 'n idilliese bene-rekplek op pad na die wildtuin. 'n Voorsmaak van wat jy in die wildtuin kan verwag, want buffels, renosters, verskeie boksoorte en ander wild maak deel van dié reis-oase se aantreklikheid uit.

Vier fietsryers van Heilbron en een oud-Heilbronner het egter dié omgewing die afgelope naweek van nader gaan verken.

Liza Boshoff en die Combrinks, Annari, Burger en Elzeri, het verlede Vrydag die langpad aangedurf om aan die Alzbergfietsuitdagings te gaan deelneem.

"Om 350km met die motor af te lê om 'n kilometer of twee met die fiets aan te pak, klink dalk vir die meeste mense na 'n lawwe idee, maar vir my is die Alz-bergfietsuitdaging jaarliks 'n hoogtepunte op my program," het Annari gesê. Dit was die tweede keer wat sy, Liza en Elzeri aan dié geleentheid deelgeneem het.

Toe die twee dames Saterdagoggend 7:30 saam met 285 ander deelnemers gereed gemaak het om aan die langste been van die uitdaging (80km) deel te neem, het hul vir Melany Kroon (née Clark), 'n oud-Edenviller en matriekmaat van Annari, raakgeloop. Clark woon nou in Lydenburg en het saam met haar man, Christo, aan die wedren kom deelneem.

"Die wêreld is klein en dis altyd lekker om ou kennisse raak te loop," het Annari vertel.

Die drie dames het saam-saam weggespring en aan al die stories en staaltjies wat uitgeruil is, het dit nie geblyk asof hul bekommerd is dat hul asem gaan opraak vóór die 80km om is nie.

'n Raps meer as 25km later moes Annari weens meganiese probleme van die ren ontrek.

Melany het egter die resies in 'n tyd van 4:23:50 voltooi. Liza was kort op haar hakke en dit het haar 4:40:29 geneem om die 80km af te lê.

"Dit is die mooiste roete so tussendeur die mielielanderye, by die varkplaas verby," het Liza die omgewing beskryf. "Dit het die afgelope week in die omgewing gereën en die mielies staan in groen rye soos hare op 'n hond se rug." Volgens haar dra die geesdrif van die organiseerders, die vrolike bemanning van die waterpunte en die goeie gesindheid waarmee die ander trappers deelneem, by tot die feit dat dié ren die lekkerste een is

waaraan sy nóg deelgeneem het.

Intussen het Burger saam met 585 ander bergfietsryers weggespring om aan die 40km-uitdaging deel te neem. Hy het die resies in 'n tyd van 2:07:54 voltooi.

Ook Elzeri het haar fietsryvernuf ten toongestel op die 1km-pretritbaan vir kinders.

Meer as 1500 fietsrygeesdriftiges het vanjaar ingeskryf om aan die dag deel te neem. Die dag het uit vier uitdagings bestaan: 80km, 40km, 15km en die 1km-pretrit.

"Ons sal beslis weer volgende jaar só ver ry om só ver te gaan trap," was almal dit eens.

• Die meeste lede van die Heilbron Fietsryklub is besig met laaste voorbereidings om Sondag en volgende Sondag aan die 947 Telkombergfietsuitdaging en -padfietsresies te Johannesburg deel te neem.



GEREED OM WEG TE SPRING: Liza Boshoff, Annari Combrink en Melany Kroon het verlede naweek aan die Alz 80km-bergfietsuitdaging deelgeneem.



AARTJIE NA HAAR VAARTJIE: Groot glimlagte het Burger en Elzeri Combrink se fietsryervaring opgesom nadat hul onderskeidelik aan die Alz 40km-bergfietsuitdaging en 1km-pretrit deelgeneem het.

TE KOOP



Suksesvolle groothandel besigheid
Sel: 083 444 8680

Rolbal Nuus

Valsrivier gemengde pare is die naweek voltooi en Flip en Stenie Kotzee eindig vierde na 'n naelbystryd waar die laaste bal van die wedstryd die wenners bepaal het. Uitstekende rolbal is deur beide spanne gespeel. Saterdag, 10 November word die eerste klubkampioenskappe gespeel wanneer die dames en mans enkelspel wedstryde gespeel word. Daar word beplan om gedurende die 2019 seisoen meer van die ander klubkampioenskap wedstryde te speel. As gevolg van die rolbal kalender wat basies elke jaar vol bespreek is, het die klubkampioenskappe agterweë gebly. Voorbereidings vir die bordag wat plaasvind op 17 November is ook in volle swang en is daar reeds 10 spanne wat ingeskryf het vir die kompetisie. Met die feesseisoen wat op die loer lê

word die Kersete beplan vir 7 Desember, waartydens een van die klublede se 90ste verjaardag ook gevier sal word. Soos hulle sê, hou hierdie spasie dop.



Op die foto vl: Flip en Stenie Kotzee.

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 13 NOVEMBER 2018

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

WOENSDAG - 14 NOVEMBER 2018

VANDERBIJLPARK : BESTORWE BOEDEL PJ SNYMAN
162 Nguni X koele en verse. 23 Horingskape.
11:00, Plaas Snymanshof, Vanderbijlpark
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

DONDERDAG - 15 NOVEMBER 2018

FRANKFORT Weeklikse veiling.
11:00, Royal Auction Centre
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling.
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

VRYDAG - 16 NOVEMBER 2018

STANDERTON Weeklikse veiling.
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwld.co.za

